# SONDAGSKOOL LES: Woord Studie – Evangelie 1

**Doel van les:**

Ons gesels hierdie kwartaal bietjie oor moeilike woorde wat in die Bybel voorkom.

**Ysbreker 1:** **Goeie nuus** – Gee die kinders kans om in hulle groepe te vertel van 'n tyd toe hulle goeie nuus gekry het.

Kry terugvoering van die groepe. Vertel ook van 'n tyd toe jy goeie nuus gekry het.

**Sê:** Ons het nou so baie gepraat van goeie nuus, dit laat my sommer dink aan 'n moeilike woordjie in die Bybel. Die woord is Evangelie. Evangelie beteken 'goeie nuus'. Watter goeie nuus dink julle kan dit wees? Kom ons kyk of ons kan uitvind.

**Aktiwiteit 1:** Gee vir elke groep 'n klomp geel lego blokkies waarmee hulle 'n huisie moet bou.

**Vra:** As julle na die geel huisie kyk, waaraan laat dit julle dink?

**Geel huisie** – Dit laat ons aan die hemel dink. Die hemel is God se huis. Daar is geen nag daar nie. Die Bybel praat van hoe God lig is en dat daar geen duisternis in Hom is nie. Die Bybel vertel ons dat die strate in die hemel van suiwer, goudagtige glas gemaak is. God vertel ons baie ander dinge van Sy huis. Niemand is ooit siek daar nie, niemand is blind of kreupel nie. Niemand sterf ooit daar nie. Elke persoon in die hemel sal altyd gelukkig wees. Die beste van als is dat God die Vader, Jesus en die Heilige Gees daar is. God het die hemel gemaak en vir jou ook. Hy is baie lief vir jou. Daarom wil Hy graag hê dat jy saam met Hom daar moet bly.

**Aktiwiteit 2:** Gee vir elke groep 'n klomp swart lego blokkies waarmee hulle 'n hartjie moet maak.

**Vra:** As julle na die swart hartjie kyk, waaraan laat dit julle dink?

**Swart hartjie** – Daar is een ding wat nooit in die hemel kan wees nie. Dit is sonde. Ons mense hou daarvan om ons eie ding te doen eerder as wat God wil hê. Watter sondes kan julle opnoem? Om slegte dinge te doen of slegte dinge te sê, is sonde. Sonde maak God ongelukkig. Dit het al baie hartseer en ongelukkigheid in die wêreld veroorsaak. Die Bybel vertel ons dat almal sondig. Nie een mens is sonder sonde nie. Die swart hartjie laat ons daaraan dink dat ons almal sonde doen. God is sonder sonde/heilig en kan sonde nie voor Sy oë verdra nie. God kan sonde nie toelaat daar waar Hy is nie. God sê dat sonde gestraf moet word. Die straf vir sonde is die dood en om vir altyd weg van God te wees. God het geweet dat daar niks is wat ons kon doen om ons sondes self weg te vat nie en, omdat Hy vir ons lief is, het Hy 'n plan gemaak.

**Aktiwiteit 3:** Gee vir elke groep 'n klomp rooi lego blokkies waarmee hulle 'n kruis moet maak.

**Vra:** As julle na die rooi kruis kyk, waaraan laat dit julle dink?

**Rooi kruis** – Die rooi kruis wys die plan wat God gemaak het om ons sondes weg te vat. God is lief vir ons. Hy het Sy Seun Jesus van die hemel af gestuur, om die straf vir ons sondes te dra. Hy het aan die kruis gehang en God het al ons sondes op Jesus gesit. Al ons gejok, slegte woorde, baklei het Jesus gedra. Elke laaste druppel bloed het uit Sy liggaam gevloei vir ons. Net Jesus se bloed kan ons sondes afwas. Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood. God het Sy liefde aan ons bewys deur Sy Seun vir ons te stuur en daar is geen ander manier om hemel toe te gaan, behalwe deur Jesus nie.

**Aktiwiteit 4:** Gee vir elke groep 'n klomp wit lego blokkies waarmee hulle 'n hartjie moet maak.

**Vra:** As julle na die wit hartjie kyk, waaraan laat dit julle dink?

**Wit hartjie** – Water kan sonde nie weg was nie. Om goeie dinge te doen, kan sonde nie weg was nie. Net die bloed van Jesus kan sonde weg was. Die wit hartjie wys dat Jesus se bloed ons sondes wegwas. Het Jesus vir almal gesterf? – Ja. Gaan almal hemel toe? Nee. Die rede is omdat almal nie in Jesus glo nie of hul harte vir Hom wil gee nie.

**Aktiwiteit 5:** Gee vir elke groep 'n klomp groen lego blokkies waarmee hulle 'n boom moet maak.

**Vra:** As julle na die groen boom kyk, waaraan laat dit julle dink?

**Groen boom** – Die groen boom laat ons dink aan nuwe lewe. Die kleur groen laat jou dink aan dinge wat buite groei, bv. blare, gras, blomme en bome. Wanneer jy jou hart vir Jesus gee, is jy soos 'n babatjie in God se familie. So moet ons dan grootword en in Jesus groei. Hoe doen ons dit? (Bybel lees, gebed, kerk toe gaan, te luister na God se wil en op Hom te wag, die Heilige Gees wat ons help.)

**Sê:** Dit is nou die Evangelie. Ek weet nie van julle nie, maar ek dink dit is die beste nuus ooit. Jesus wat vir my en julle so lief is, dat Hy vir ons kom sterf het, sodat ons eendag saam met Hom in die hemel kan bly, is regtig goeie nuus.

Sluit af in groepe met gebed.